

DIE GEVEG BY OORLOGSFONTEIN

Elbie Immelman

Op 'n kliprantjie naby die plaashuis op Oorlogsfontein in die distrik Victoria-Wes staan 'n monument ter gedagtenis aan kommandant regter H.J. Hugo wat teen die einde van die Tweede Vryheidsoorlog daar gewond is en later aan sy wonde beswyk het.

Hendrik Johannes Hugo, in die omgang bekend as regter Henry Hugo, is op 1 Februarie 1877 op die plaas Lusthof, naby Smithfield in die Suid-Vrystaat, as die seun van Christiaan en Tryna Hugo gebore.¹ Pas voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog het hy uit Europa na Suid-Afrika teruggekeer nadat hy hom in die regte bekwaam het. Hier het hy hom by die republikeinse magte aangesluit en is gedurende die oorlog te velde as regter aangestel.²

As lid van kmdt. Gideon Scheepers se kommando neem Henry Hugo deel aan die inval in die Kaapkolonie. Hy word as kommandant van Theron's Verkenners Korps aangestel nadat sy voorganger, kmdt. Wynand Malan in Januarie 1902 as veggeneraal in bevel van die Middellandse kommando's van die republikeinse strydmag in die Kaapkolonie benoem is.³

Die kommando's onder aanvoering van genl. Malan het hoofsaaklik in die Sentrale Karoo geopereer en was dikwels in die distrikte Beaufort-Wes, Victoria-Wes en Fraserburg in skermutselings met Britse troepe en konvoie betrokke.⁴ In hierdie tyd het patrollies telkens op die plaas Wagenaarskraal aangekom en daar oornag. Wagenaarskraal lê ongeveer 60 km suid van Victoria-Wes en is 'n bekende skaap- en vakansieplaas uit die poskoetsdae. Na die ontdekking van diamante in 1867 en die instelling van 'n passasiers- en poskoetsdiens tussen Wellington en Kimberley het Wagenaarskraal 'n belangrike stilhouplek op die roete geword.⁵ Hierdie plaas is sedert 1870 in die besit van die MacRobert-familie⁶ en danky 'n dagboek wat die destydse eenaar, George Findlay MacRobert, van gebeure gedurende 1902 tot 1905 gehou het, het heelwat omtrent die skermutseling by Oorlogsfontein en die dood van Henry Hugo behoue gebly.

MacRobert skryf in sy dagboek dat lord Kitchener se 'verskroeiende aarde'-beleid, naamlik om alle kosvoorrade te vernietig, ook in die Kaapkolonie toegepas is om langs hierdie weg genl. Wynand Malan se bewegings in die Sentrale Karoo aan bande te lê. So het 'n Britse patroillie wat op die buurplaas Doornkloof gestasioneer was, op 'n dag al die koringkaf uit Wagenaarskraal se skuur verwyder en ongeveer 200 tree van die woonhuis af op 'n hoop gestapel en aan die brand gesteek.⁷

Gedurende Februarie 1902 was generaal Malan se kommando in 'n skermutseling betrokke met 'n Britse kolonne tussen Beaufort-Wes en Fraserburg. Hulle het die Engelse oorrompel en die oorwinning het hulle in staat gestel om hulle voorrade en ammunisie aan te vul.

Teen sononder van 17 Februarie 1902 het hierdie goed toegeruste kommando (die meeste van die Boere het twee bandeliere gehad en die perde was in 'n goeie kondisie) op Wagenaarskraal aangekom, waar hulle oornag het. Die offisiere het in die huis geslaap terwyl die manskappe en hulle perde in die tuin voor die woonhuis wat met 'n klipmuur omring was, oornag het.

Ann Barker MacRobert (George MacRobert se moeder) het probeer om vir die offisiere 'n aandete voor te berei, maar die manskappe het haar so toegeval met die koffieketels wat hulle op haar groot koolstoof wou warm maak, dat sy nie naby die stoof kon kom nie. Raadop het sy haar uiteindelik tot kommandant Hugo gewend en eers nadat hy die klomp burgers uit die kombuis verwilder het, kon sy voortgaan met die voorbereiding van die ete.



Kommandant regter Hendrik Johannes Hugo (1877—1902).

FOTO: ELBIE IMMELMAN.


Ongeveer vyf uur die oggend van 18 Februarie het die Boerekommando na Oorlogsfontein, die plaas van Dirk Wouter Immelman (jr.), omtrent 5 kilometer daarvandaan, vertrek.

Nadat hulle weg is, is bloed aan generaal Malan se beddegoed gevind en daar is aangeneem dat hy in die skermutseling met die Britse kolonne tussen Beaufort-Wes en Fraserburg gewond is, want toe die kommando die vorige middag laat by Wagenaarskraal aangekom het, het hy nie op sy perd nie, maar wel in 'n spaidery.⁸

Op Oorlogsfontein aangekom, het Chrissie Immelman (Dirk Immelman se vrou) ontbyt aan die offisiere voorgesit. Terwyl hulle nog geëet het, het 'n verkenners die huis ingehardloop en luidkeels uitgeroep dat 'n Engelse mag besig was om die rantjies aan die westekant van die plaas te beset. "Nou ja, gaan donder hulle daaruit", het generaal Malan se harde stem weerklink.

Regter Hugo wat daardie oggend diens gedoen het, vlieg uit sy stoel, hardloop na buite, roep die manskappe bymekaar en storm met sy perd teen die rant uit. Ter-

1. Inligting verskaf deur oud-regter G.W. de Vos Hugo.
2. Lêers van die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek, Pretoria.
3. *Ibid.*
4. H.J.C. PIETERSE, *Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan* (Kaapstad, 1946), p. 289 e.v.
5. Inligting verskaf deur Museum Victoria-Wes.
6. Wagenaarskraal-transportakte.
7. Diaries of G.F. MacRobert.
8. *Ibid.*; Vergelyk ook H.J.C. PIETERSE, *Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan*, p. 295 e.v.



die bad te skep.

Die Britse ambulanswa het met vier Britse en twee Boeregewondes by Wagenaarskraal aangekom. Vier swaar gewonde perde is van die krale weggelei en doodgeskiet. Nadat die troepe die plaas verlaat het, het Scot MacRobert (een van die jongmans op die plaas) 'n span donkies geneem en die dooie perde na 'n klein kloof aan die voet van "Bell Rock"-koppie gesleep en daar gelaat.⁹

Nadat kommandant Hugo by die plaashuis op Oorlogsfontein ingedra is, is hy so goed deur Dirk Immelman¹⁰ en sy vrou versorg dat hy na 'n paar dae in die bed kon sit en eet.¹¹

'n Britse geneesheer saam met die kolonne het laat blyk dat as Hugo by die Immelmans kon bly hy heel moontlik volkome sou herstel,¹² maar die Engelse magte in die omgewing het

verneem dat 'n Boerekommando in aantog was. Die bevelvoerende offisier van die Britse kolonne het besef dat kommandant Hugo as offisier 'n waardevolle prisoner

Die monument op die plaas Oorlogsfontein wat op 20 Oktober 1904 ter herdenking aan H.J. Hugo deur generaal W. Malan onthul is. Dit dra die volgende opskrif: "Ter Gedachtenis van KOMDT. RECHTER H. HUGO gesneeweld alhier op den 18den. Feb. 1902". Hierdie opskrif is egter misleidend want hoewel Hugo op 18 Februarie 1902 hier gewond is, is hy eers twee of drie dae later onderweg na Fraserburg oorlede. Hy is waarskynlik in Bokpoort begrawe. Links op die voorgrond verskyn oud-regter C.F. de Vos Hugo.

FOTO: BERNIE KEMPEN.

selfdertyd het 'n Britse kaptein van die westekant af teen die rant uitgejaag en die twee offisiere het mekaar in 'n onvermydelike konfrontasie bo-op die rant ontmoet, ongeveer op dieselfde plek waar die monument vandag staan.

Kommandant Hugo en die Engelse kaptein (naam onbekend) het met hulle pistole op mekaar gevuur. Die Britse kaptein het Hugo in die nek getref, terwyl die Engelse kaptein in die been gewond is en sy perd elf koeëlwonde ontvang het. Dit was duidelik dat Hugo nie sy vyand wou doodskiet nie, maar hom net buite aksie wou stel.

Die gevaar het bestaan dat Hugo hom sou doodbloei en hy is inderhaas na die plaashuis op Oorlogsfontein gedra.

Vanaf Wagenaarskraal kon die huismense die geveerskote hoor klap en die geveg op die rantjies sien van waar die stofwolke van die perde se hoewe af opstyg soos hulle tussen die bossies en klippe galop en steier.

Weens al die opwindings wat die geveg op Oorlogsfontein veroorsaak het, is die klompie kinders in die plaasskooltjie op Wagenaarskraal deur hulle goewernante vir die dag verskoon van die skoolbedrywighede. Opgewonde oor al die gebeure het hulle haastig die klipkoppie agter die huis uitgekluuter van waar hulle met groot afwagting en bang genot geskiedenis voor hulle oë sien afspeel het.

Twee Boereagterryers wat in die droë rivierbedding onderkant die kinders verby gejaag het, het hulle sien sit en waarskuwend op hulle geskree: "Hier, julle kinders, klim af van die kop. Die Engelse sal julle doodskiet!"

Na die geveg het die Boere van Oorlogsfontein na die ooste weggejaag. Tussen elf- en twaalfuur daardie oggend het die Britse kolonne by Wagenaarskraal aangekom. Aan die westelike muur van Oorlogsfontein se huis is daar later koeëlmerke gevind.

Die ironie van oorlog word weerspieël in die feit dat die MacRobert-familie wat net die vorige aand die Boere krygers kos en slaapplek gegee het, hulle die volgende oggend weer oor die Engelse soldate ontferm het. Ann Barker MacRobert het 'n groot sinkbad vol suurlemoenstroop op die lang klipstoep gesit en die Engelse soldate het in gelid verby geloop met hulle bekere om lafenis uit



9. Diaries of G.F. MacRobert.
10. Dirk Immelman se vader, Dirk Wouter Immelman, het Victoria-Wes van 1898 tot 1903 in die Kaapse Parlement verteenwoordig. Sy seun Jack het in 1912/13 saam met 'n Springbokrugbyspan na die Britse eilande getoer. CAPE OF GOOD HOPE: House of Assembly, *Debates*, 1898–1903 (Kaapstad, 1898–1903) en R.K. STENT, *Green and gold* (Londen, 1954), p.19.
11. Aldus oud-regter G.W. de Vos Hugo. Vergelyk ook PIETERSE, *Oorlogsaventure ...*, pp.301–302.
12. Diaries of G.F. MacRobert.

was en kon dit daarom nie waag om hom op Oorlogsfontein agter te laat nie, want indien die Boere hom sou help ontsnap sodra hy sterk genoeg is, sou hy daarvoor verantwoordelik gehou word.¹³

Die Engelse het Hugo op 'n stamperige wa gelaai en met hulle saamgeneem in 'n noordwestelike rigting, by Taaiboschfontein verby oor Stampfontein na Bokpoort, waar hulle oornag het.¹⁴ Bokpoort is 'n poort in die plato waar die sekondêre pad van Victoria-Wes en Loxton tussen Kwaggashoogte en Kornetskop deurgaen.

Dirk Immelman het die waspoor gevolg en later gesien dat daar bloed uit die wa drup. As gevolg van die gestamp van die wa het Hugo se wond weer oopgegaan en begin bloei.¹⁵ Vermoedelik is kommandant regter Hugo by Bokpoort aan bloedverlies oorlede.¹⁶ Hy is daar êrens begrawe (hoewel vandag nog nie met sekerheid gesê kan word waar nie.) In 1904 is hy op sy geboorteplaas Lusthof naby Smithfield herbegrawe.¹⁷

Op 20 Oktober 1904 is 'n monument ter gedagte-

nis aan hom op die kliprantjie, waar die geveg op Oorlogsfontein plaasgevind het, onthul. Die verrigting hier is gelei deur genl. Wynand Malan en hulde is gebring, onder andere deur George MacRobert wat namens die MacRobert-familie sy dank en waardering betuig het vir kommandant Hugo se mensliewendheid teenoor hulle as 'n gesin gedurende die oorlog. Niemand kon kla oor die behandeling van vegtendes aan beide kante nie. Hulle het hulle werk gedoen en die burgerlikes in vrede gelaat.¹⁸ ■

13. Inligting verskaf deur oud-regter G.W. de Vos Hugo.
14. Inligting verskaf deur mnr. W.S. van Schalkwyk.
15. Inligting verskaf deur oud-regter G.W. de Vos Hugo. Vergelyk ook PIETERSE, *Oorlogsavonture* ..., p.302.
16. Inligting verskaf deur mnr. W.S. van Schalkwyk. Volgens die *Beaufort West Courier* van 27 Februarie 1902 het kmdt. Hugo op 21 Februarie 1902 aan sy wonde beswyk.
17. Inligting verskaf deur oud-regter G.W. de Vos Hugo.
18. Diaries of G.F. MacRobert.